MEMORANDUM

AAN	**:**	**ALLE TAFELDRUIF PRODUSENTE**
DATUM	**:**	**15 April 2020**
RE	**:**	**VERLENGDE INPERKING EN NOODSAAKLIKE DIENSTE**

Beste SATI Lid en Tafeldruiwe Boer

Aangesien tafeldruiwe as sektor kwalifiseer as 'n noodsaaklike diens ("essential service") kan ons met dankbaarheid terugkyk na 'n 2019/2020 tafeldruiwe oes wat grootliks ingesamel en uitgevoer is.

Intussen is Suid-Afrika se inperkingstyd tot 30 April 2020 verleng en dit bring verdere uitdagings en prioriteite na vore.

Daar is reeds kritiese na-oes en ander praktyke om die volgende oes te verseker wat in baie gevalle nie langer uitgestel kan word nie. Hierdie aktiwiteite sluit **onder andere** die volgende in:

- Na-oes besproeiing, bemesting, pes- en plaagbeheer en onkruidbeheer
- Grondvoorbereiding en –dreinering (voor winterreëns)
- Verkryging en vervoer van wingerd plantmateriaal
- Wingerd aanplantings/vestiging, wat besproeiing, opleistelsels en netstrukture insluit
- Algemene noodsaaklike werk en onderhoud

In oorleg met georganiseerde landbou, spesifiek AgBiz en AgriSA, is ons interpretasie dat hierdie praktyke ooreenkomstig die volgende regulatoriese bepalings as noodsaaklike dienste kwalifiseer:

"Critical maintenance services which cannot be delayed for more than 21 days and are essential to resume operations after the lockdown" (intussen verleng na 35 dae)
en
"Production, manufacturing, supply, logistics, transport, delivery, critical maintenance and repair in relation to the rendering of essential services including components and equipment".

Hierdie interpretasie en diskresie plaas 'n groot onus op elke individu en besigheid in ons bedryf om in goeie trou en verantwoordelik op te tree. **Die volgende is krities belangrik in hierdie verband:**

- Die werk en diens moet noodsaaklik wees en nie sonder skade en nadeel uitgestel kan word nie.
- Maatreëls moet in plek wees om die verspreiding van die Covid-19 virus te beperk en werknemers te beskerm, byvoorbeeld handhawing van afstand tussen werkers, gereelde was van hande en dra van gesigmaskers, waar van toepassing (tasbare en skriftelike bewys moet gelewer kan word, bv. met Departement van Arbeid inspeksies).
- Voldoening aan ander regulatoriese vereistes, byvoorbeeld die uitreiking van permitte vir die beweging van werkers na en van die werksplek.

Van die inligting en riglyne wat reeds versprei is, word hierby aangeheg, maar verdere navrae kan aan SATI via streekskantore of direk aan Clayton Swart (076 429 2376, clayton@satgi.co.za) of Willem Bestbier (083 269 0580, willem@satgi.co.za) gerig word.

SATI se kantoor bly operasioneel om lede en die bedryf tot diens te wees, maar in ooreenstemming met en binne die beperkings van die nasionale/landswye inperking.

Hartlik dankie aan almal wat hierdie ongekende uitdagings die hoof bied en met groot verantwoordelikheid optree en saamstaan.

Sterkte met die groot taak op hande en vriendelike groete.

Willem Bestbier
Hoof Uitvoerende Beampte